Leefkuns

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Vriendskap

## 1Samuel 18-20

W*ie noem jy almal jou vriende? Dalk (net) die wat aan jou goed doen en inpas by die opvattings wat jy oor vriendskap het? Vriendskap is vir seker een van die grootste geskenke in die lewe. Vriende is mense met wie jy alles kan deel sonder vrees om verwerp te word. Hulle is mense wat jou op 'n manier verlos van eensaamheid. Maar ware vriende, wat jy met jou lewe kan vertrou, is skaars.*

*Die voorbeeld van Dawid en Jonatan se vriendskap is inspirerend. Hier is twee mense wat mekaar met net mooi alles (tot die dood toe) vertrou het, en deur baie moeilike tye saam beweeg en geworstel het. Jonatan het Dawid liefgehad soos homself, en die Here was die Bewaker van hulle vriendskap.*

*Miskien is die groot vraag in vriendskap dan nie: Wie is jou beste vriend(e) nie, maar eerder: Vir wie is jy werklik 'n getroue vriend?*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?*

***Definisie:***

*'n kosbare verhouding met iemand vir wie jy omgee en wat jy liefhet.*

***Alternatiewe definisie:***

*'n verhouding met iemand vir wie jy bereid sou wees om jou lewe af te lê.*
*(Bybel 24/7)*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

Leefkuns

# Vriendskap

Lees 1 SAMUEL 18: 1-4. Wat kan moontlik 'n gemene basis vir hierdie twee wees?

Wat is die betekenis daarvan dat Jonatan sy wapens verwyder en aan Dawid oorhandig? Is daar iets prakties wat ons uit hierdie voorbeeld kan neem met betrekking tot die verdieping van ons vriendskappe?

Waarom, dink jy, meld die Bybel die diepte van Dawid en Jonathan se vriendskap? Watse doel dien dit?

Lees 1 SAMUEL 20: 12-17. Wat leer jy oor Jonathan se karakter uit hierdie gedeelte?

Die skrywer van 1 Samuel gebruik die term 'een in die gees' om te beskryf hoe David en Jonathan verwant aan mekaar is.

a. Wat dink jy beteken dit om 'een van gees' met iemand te wees? Hoe lyk dit?

b. Het jy al ooit hierdie soort "geestelike vriendskap met iemand" gehad?